
## IN MEMORIAM

### Teomar Heyl (15 Januarie 1931 - 12 September 2009)



Op 12 September 2009 sterf Teo Heyl na 54 jaar se toewyding aan akademiese geneeskunde en privaat praktyk, en eindig 'n tydperk waarin hy diep spore in die dissipline dermatologie getrap het.

Teo matrikuleer aan die Hoër Volkskool, Heidelberg, Transvaal. In 1955 behaal hy die graad MB ChB aan die Universiteit van Pretoria, in 1963 die graad MMed (Derm) aan die Universiteit van Stellenbosch, en in 1969 die graad MD – ook aan die Universiteit van Stellenbosch – met 'n proefskrif oor die genealogie van lipied-proteïenose in Suid-Afrika. In 1963 werk hy by die Zuidwal Ziekenhuis in Den Haag, Nederland, en in 1964 is hy 'n kliniese assistent by die St John's Hospital for Diseases of the Skin, Londen. Van 1965 tot 1969 is hy lektor en senior lektor in die Departement Dermatologie, Universiteit van Stellenbosch. Van 1970 tot 1979 is hy in privaat praktyk in Pretoria. In 1979 word hy professor en hoof van die Departement Dermatologie van die Mediese Universiteit van Suidelike Afrika (MEDUNSA) en in 1987 word hy benoem as dekaan van die Fakulteit Geneeskunde van hierdie Universiteit. Teo beklee albei poste tot 1992.

Hierna tree hy weer toe tot privaat praktyk in Pretoria en van 1993 tot 1996 is hy konsultant-dermatoloog by 1 Militêre Hospitaal. Vanaf 1996 tot 2000 is hy konsultant-dermatoloog by Grantham Hospital en die United Lincolnshire Hospital Trust. Hy word benoem as ere-tutor in dermatologie aan die Mediese Fakulteit, Universiteit van Leicester.

Na sy terugkeer na Suid-Afrika beoefen hy deeltyds privaat praktyk met dr. Hardy de Beer van Pretoria. In 2002 is hy vir 'n tydjie locum by die United Lincolnshire Hospital NHS Trust.

Teo was baie lief vir sy vakgebied en lewer 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die departemente dermatologie aan die Universiteit van Stellenbosch en MEDUNSA, waar hy voor- en nagraadse studente oplei en 'n belangrike rol speel in my vorming as dermatoloog. Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging, en van die Dermatologiese Vereniging van Suid-Afrika, waar hy 10 jaar op die Uitvoerende Komitee gedien het, waarvan 2 jaar as president. Hy was ook 'n buitelandse lid van die British Association of Dermatologists en die Dowling Club, en 'n Fellow of the Royal Society of Medicine, Londen.

Teo lewer 'n aktiewe bydrae by oorsese kongresse en die jaarlikse kongresse van die Dermatologiese Vereniging van Suid-Afrika, asook by verskeie simposiums en lesings aan algemene praktisyns. So lewer hy meer as 19 referate. Hy het ook 26 artikels geskryf in die *SAMJ* en in internasionale dermatologie-joernale. Hy was gasredakteur vir volumes 31 en 32 van *Medicine SA*. Hy en ek publiseer in 1991 die eerste dermatologie-handboek in Afrikaans in Suid-Afika – *Dermatologie vir Suider-Afrika* (Butterworths, Durban). Die boek is ook in Engels gepubliseer – *Dermatology for Southern Africa*.

Hy was 'n baie vriendelike mens met 'n kalm geaardheid en het sy professie met groot onderskeiding gedien. My 43-jarige vriendskap met hom het waarlik my lewe verryk.

Hy was getroud met Diane (née De Villiers) wat hom op 26 Oktober 2007 ontval het. Ons meegevoel gaan uit na die kinders Jan, Genee, Liane, en kleinkinders.

**Edgar Swart**

### Tshimbi Mathivha (October 1961 - December 2009)



The untimely death of Professor Tshimbi Mathivha on 1 December 2009 has shattered all those who were closely associated with her and also the wider cardiological and medical community. Tshimbiluni Mavhangu Mathivha was born in Limpopo in October 1961. In 1985 she received an MB ChB degree from the University of Natal Medical School and in 1989 obtained a Diploma in Anaesthetics. In 1992 she was admitted as a Fellow of the College of Physicians of South Africa by examination. After this she decided to pursue a career in cardiology and joined the training programme in the sub-department of cardiology at Wentworth Hospital. She underwent a year of training at Hammersmith Hospital in London under Dr Celia Oakley, where she acquired considerable experience in clinical cardiology and echocardiography.

She was appointed by the then Minister of Health as a member, executive member, and vice-chairperson of the Medicines Control Council of South Africa. She served the Council with dignity and made us proud. She also served as a member of the Executive Committee and as chairperson of the Education Committee of the South African Heart Association from 2007 to 2009, and was a member of the Selection Committee of the prestigious Hamilton Naki Clinical Scholarship since 2007.

On completion of her training she was appointed as a consultant in the Department, with full clinical responsibilities. She accepted the challenge and acquitted herself in an

exemplary manner. She often acted as head of the Department when I was away and handled all problems admirably.

She associated with all – porters, nurses, paramedics, and medical and administrative staff – and was loved by all. Being the first 'black' female cardiologist trained in the Department she became a role model for all around her. She was loved by her patients for her humanity, and highly respected by junior and senior staff in all disciplines at Wentworth Hospital. Even under the most difficult circumstances she never played the 'race card', but was always dignified. Even when tested to the limit she was never malicious or said an ill word of anyone. She only saw the good in people. She never partook in intrigues that plague many academic departments. She taught many of us humility and how to behave with dignity, which we will not forget.

It was a sad day when she decided to move to Pretoria, which was nearer to home. I had no hesitation in recommending her appointment, which was well deserved. Needless to say, I experienced pride and joy in seeing Tshimbi maturing and accepting the challenge of departmental headship. The unit was taking shape and she was keen on embarking on several research programmes, but alas fate overtook her ambitions and plans.

We extend our sympathies and condolences to her family. We mourn her loss, but the loss to her family is greater. May she rest in peace.

**Abdul S Mitha**

*Emeritus Professor, Cardiology*
*University of KwaZulu-Natal*
*Durban*

## Erratum

The book, *Generalized Anxiety Disorder across the Lifespan: An Integrative Approach*, was reviewed in the Book Review section of the January 2010 edition of the *SAMJ*. The author of the book is Dr Michael E Portman, not Janine Juanita Benson-Martin. The latter is the reviewer. We regret the error.